SUIWER WATER

die grondslag van gesondheid

—deur Johan Jacobs



Omdat water so 'n belangrike rol in die liggaam speel, is dit beslis 'n baie goeie plek om te begin om in jou gesondheid te belê.

Jou liggaam bestaan uit ongeveer 60 tot 70 persent water – jy het daagliks skoon water nodig vir die volgende funksies:

- Vervoer van voedingstowwe
- Verwydering van gifstowwe en afvalprodukte
- Regulering van liggaamstemperatuur
- Smeer van gewrigte
- Beskerming van bene en gewrigte
- Sellulêre funksies

Die mens se liggaam verloor water deur asemhaling, sweet, vertering en die uitskeiding van afvalprodukte. Dit is uiters belangrik om jouself te rehidreer deur suiwer water te drink en heel kosse te eet wat suiwer vloeistowwe bevat, soos vars vrugte en groente.

Hoekom is suiwer water so belangrik?

Jou liggaam is meesterlik geskep en is nie alleen selfgenesend nie, maar ook self-reinigend. Al vier ons uitskeidingstelsels, die dermkanaal, niere, sweetkliere en limfstelsel, gebruik water om voortdurend afval- en gifstowwe op sellulêre vlak uit te skei. Hoe kan water egter hierdie stelsels skoonmaak as die water self 'n bron van gifstowwe geword het wat die liggaam en sy delikate stelsels verder besoedel?

Sommige gifstowwe is vetoplosbaar en kan in die liggaam opbou. Onsuiwer en besoedelde water word deur die liggaam gefiltreer, met 'n verwoestende uitwerking wat soms eers jare later opgemerk word – soos in my geval toe ek op 30 met veelvuldige sklerose (MS) gediagnoseer is. Vier jaar later is ek medies ongeskik verklaar met gevorderde MS-simptome. Dit was alles so onnodig en heeltemal voorkombaar. Lees my boek, *Go Natural*, vir my volledige verhaal plus raad en voorstelle oor hoe om natuurlik vry van siektes ("dis-ease") te leef.

Voorkoming is beter

Glo my, voorkoming is baie beter én goedkoper as om 'n siekte ("dis-ease") te genees. 'n Wyse man het gesê: "Die gebrek aan onmiddellike gevolge lei tot die aanname dat daar geen uitwerking is nie, met die resultaat dat ons vir vandag leef ten koste van môre." Om te ver-seker dat jou liggaam in die toekoms optimaal sal kan funksioneer, is dit belangrik dat jy vandag begin om net suiwer water te drink. Dit is die liggaam se eerste basiese behoefte.

Wat is in die water wat jy drink?

Deesdae woon die meeste mense in stede of groot dorpe en gebruik munisipale water wat chemies behandel is. Die nare waarheid is dat die onbehandelde water wat hiervoor gebruik word, riool kan bevat met skadelike bakterieë en parasiete. Dit kan ook vol giftige industriële afvalstowwe, kunsmis, plaagdoders, swamdoders en onkruiddoders wees, asook besoedelstowwe uit die motorbedryf afkomstig van ou remskoene, buitebande, motorolie en petrochemikalieë, om net 'n paar te noem. Aangesien water die moeder van alle oplosmiddels is, is die lys van moontlike besoedelstowwe wat daarin opgelos het, feitlik eindeloos. Daarbenewens gebruik watersuiweringsaanlegte ook chloor, aluminiumverbindings en ander moontlike skadelike stowwe soos fluoried om ons water skynbaar skoon en drinkbaar te maak. Dit mag dalk skoon lyk, maar dit is beslis nie suiwer nie en volgens my is dit nie raadsaam om dit te drink nie – veral nie oor die lang termyn nie.

Een van die belangrikste funksies van water in die liggaam is om gifstowwe uit te spoel, maar ironies genoeg het vandag se water self 'n bron van gifstowwe geword.

Jy sal geskok wees om te ruik en te sien wat in 'n waterdistilleerder agterbly nadat 4 liter munisipale water in net een siklus gedistilleer is.

Water ook 'n bron van gifstowwe

Soos genoem, is een van die belangrikste funksies van water in die liggaam om gifstowwe uit te spoel, maar ironies genoeg het vandag se water self 'n bron van gifstowwe geword. Dit verydel die doel om hoegenaamd water te drink! Jy kan nie onsuiwer water gepak beslis nie die skuld vir die pandemie van hierdie siektes net op water nie, maar omdat water so 'n belangrike rol in die liggaam speel, is dit beslis 'n baie goeie plek om te begin om in jou gesondheid te belê. Onsuiwer water is maar die punt van die ysberg. My boek lê die res bloot – daar is deesdae letterlik 'n totale aanslag op ons gesondheid.

Hoe om water te suiwer

Hoe suiwer 'n mens water om te verseker dat dit veilig is om te drink? Daar is honderde suiweringsmetodes. Watersuiwering en -filtrering is een van die grootste besighede in die gesondheidsbedryf. Elkeen beweer dat sy proses bruik om jou liggaam te ontgif nie, aangesien jy voortdurend weer gifstowwe in jou liggaam invoer – en dít met water wat suiwer lyk.

Ek kan my voorstel dat dit 'n eeu gelede nie die geval was nie. Die waterbronne was feitlik onbesoedel en jy kon water uit byna enige rivier, stroom, of meer drink. En 'n eeu gelede het die gesondheidsyfers heeltemal anders as vandag daar uitgesien; mense was gesonder en die gevreesde moderne siektes was nie so algemeen nie. Ek die beste is. Maatskappye maak grandiose en dikwels vals aansprake wanneer hulle hul produkte bemark.

Die oplossing – waterdistillering

In my strewe na beter gesondheid het ek ontdek dat distillering die enigste konsekwente, onfeilbare en doeltreffende watersuiweringsproses is. Dit verander besoedelde water in suiwer, lewegewende water en gebruik die natuurlike siklus van verdamping en kondensasie – dis die proses wat ons Skepper gebruik om suiwer reënwater uit seewater te maak. Filtreerders kan nie giftige nano-deeltjies soos opgeloste ioniese materie suiwer nie.

Ek het vasgestel dat slegs distillering alle bakterieë, industriële chemikalieë, riool, farmaseutiese middels, gifstowwe, slegte smake, reuke en enige ander ongewenste element uit water kan verwyder. Dit is die ideale proses en heeltemal natuurlik. Met 'n distilleerder kan jy sorg dat jy onbesoedelde reënwater in jou eie huis het. 'n Bonus is die suiwer, verfrissende smaak van gedistilleerde water.

'n Liter gedistilleerde water kos net meer as 'n rand aan elektrisiteit. Dit is die goedkoopste en suiwerste water wat jy kan drink. 'n Waterdistilleerder is elke sent werd vir die gemoedsrus en goeie gesondheid wat dit jou besorg. ■

JOHAN JACOBS *is die stigter en outeur van Go Natural. Besoek www.gonatural.co.za om sy boek te bestel.*

Distillering is die enigste konsekwente, onfeilbare en doeltreffende watersuiweringsproses